

2024

VINPRO
growing together

TEGNIJSE OESVERSLAG

Inhoud



KLIK OP ELKE STREEK OM
NA DIE BLAD TE GAAN.

VAN LOVEREN WINES

PRODUKSIE-AREA OORSIG SEISOENALE TENDENSE

BREEDEKLOOF	12
KAAP SUIDKUS	16
Kaap Suidkus	16
Elgin	19
Hemel-en-Aarde-Vallei	21
KAAPSTAD	22
Kaapstad	22
Durbanville	25
Constantia	26
KLEIN-KAROO	27
NOORD-KAAP	31
OLIFANTSRIVIER	35
PAARL	39
Paarl	39
Franschhoek	42
Tulbagh	43
Wellington	43
ROBERTSON	45
STELLENBOSCH	49
SWARTLAND	53
Swartland	53
Darling	55
WORCESTER	56

Data verskaf deur:



Ontwerp: Avant Garde 021 863 3165 | Taalversorging: Mieke de Jager

Klein en kwalitatief

Die 2024-oesjaar is gekenmerk deur die sameloop van 'n reeks klimaatsgebeure wat vanjaar op streekvlak uitgespeel het. Streektendense in terme van oesgroottes was deurgaans wisselvallig en word toegeskryf aan die lokale impak van unieke faktore soos ryp, hewige winterreënval, vloede, wind, en lae somerreënval. Produsente moes aanpasbaar wees en vlugvoetig optree om die gepaardgaande uitdagings te trotseer. Nietemin, is wynmakers meteens oor uitstekende wynkwaliteit wat hierdie oesjaar te verwagte is, te danke aan klein korrels, goeie rypwordingstempo en matige, droë toestande tydens parstyd.

Die 2023/2024-seisoen het 'n reeks onverwagse klimaatsgebeure opgelewer, wat produsente genoodsaak het om hul bestuurspraktyke en aanslag aan te pas om sukses te behaal. Ondanks verskeie innoverende praktyke, swaai Moeder Natuur steeds die septer en is produsente 'n klein maar hoogs kwalitatiewe oes toegedeel. Met die jongste oesskatting (April 2024), word die nasionale wyndruifoes op 1 099 051 ton geskat. Hierdie skatting is ongeveer 7.1% laer as die klein oes wat in 2023 ingepalm is. Volgens die jongste, steeds dalende wingerdstandsyfers, staan die bedryf tans op 87 848 hektaar (die laagste sedert 1997), met 'n stygende proporsie wingerde ouer as 20 jaar, wat in 2023 reeds 36% van die totale wingerdstand uitmaak. Alle indikatoren dui

OORSIG



du op die kleinste Suid-Afrikaanse wyndruifoes in die laaste twee dekades.

Oesverwagtinge is getemper na hoër verwagtings weens uitstekende wintertoestande wat deur die meerderheid van die wynboustreke aangeteken is. Lae temperature en bogemiddelde reënval het wingerddormansie bevorder, terwyl waterreserwes tot op kapasiteit gevul was. Lentetoestande was uitdagend met noemenswaardige rypskade in Chenin Blanc- en Colombar-blokke in die Worcester/Breedekloof-areas, terwyl die impak van buitengewone hoë reënval en vloede die Olifantsrivier die swaarste getref het. Aanvanklike ramings is dat ongeveer 10% van wingerde in dié area deur die vloede geraak is. Die grootste impak van die lentetoestande was egter die langdurige nat

gronde en gevolglike impak op wortelstelsels en toegang tot nodige plantreserwes.

Vroeë somertoestande was gekenmerk deur noemenswaardige swamsiekte-druk, wat sekerlik in vatbare areas en kultivars 'n impak op die uiteindelijke oesgrootte kon hê. Die algemene tendens in die somer was egter merkbaar warmer en droër toestande as die voorafgaande jaar. Veral aan die kusgebiede het hierdie toestande tydens vrugset en die korrelgroeifase waarskynlik beperkings geplaas op korrelgrootte, wat uiteindelik kwalitatiewe rendement sou lewer. Die blootstelling aan en effek van ekstreme winde op wingerde was, soos verwag, baie wisselvallig en het oor kort afstande verskil. Geaffekteerde wingerde het wel 'n noemenswaardige impak op lowers en vrugset getoon.







Volgehoue hoër temperature het deurslaan met sewe tot 10 dae vroeër as die vorige jaar geskuif, terwyl aanvanklike rypwordingstempo gevolglik ook hoog was. Algemene wingerdreaksie het gestrook met die hoë temperature wat tydens Januarie en Februarie waargeneem is, en die oes was deurgaans vroeër. Daarna het temperature genormaliseer en het kultivars tydig ingekom aan die stertkant van die oesseisoen. Een van die uitstaande kenmerke van die oesseisoen was die besonderse goeie sanitêre toestand van druiwe, wat dikwels uitdagings bied in reënerige oesjare.

Opbrengste van die vroeë kultivars, soos Chardonnay, Pinotage en Chenin Blanc, is oor die meeste streke heen aansienlik laer as verwag, wat moontlik toegeskryf kan word

aan die uitgerekte koel en nat lentetoestande wat 'n effek op reserwevlakke, asook blom en vrugset kon hê. Die opbrengstendens van Sauvignon Blanc bly oor die algemeen getrou aan die norm; aangesien hierdie kultivar laat blom, het dit die impak van die koel lentetoestande vrygespring. Die later rooi kultivars, soos Merlot, Shiraz en Cabernet Sauvignon, asook Colombar, vertoon oor die algemeen 'n verbetering in opbrengste. Verslag vanuit die kelders in terme van wynkwaliteit is besonders positief, waar vol rooiwyne met besonderse kleur en tannien-ekstraksievlakke opgemerk word. Aan die wit kultivarspektrum word vars wyne met tekstuur en mondgevoel aan wynliefhebbers vanjaar voorgesit.


Seisoenale Tendense

MINIMUM TEMPERATURE



Figuur 1: Genormaliseerde minimum temperatuur data vir die Wes-Kaap gedurende die 2023/24 groeiseisoen. Temperatuurkaart uitleg verteenwoordig die Na-Oes (Apr-Mei), Winter (Jun-Aug), Somer (Sep-Des) en Rypwording (Jan-Mar) periodes. Die kaartskakering dui op temperature bo (rooi) en onder (blou) die langtermyn gemiddelde.

Seisoenale Tendense




MAKSIMUM TEMPERATURE

Figuur 2: Genormaliseerde maksimum temperatuur data vir die Wes-Kaap gedurende die 2023/24 groeiseisoen. Temperatuurkaart uitleg verteenwoordig die Na-Oes (Apr-Mei), Winter (Jun-Aug), Somer (Sep-Des) en Rypwording (Jan-Mar) periodes. Die kaartskakering dui op temperature bo (rooi) en onder (blou) die langtermyn gemiddelde.


Seisoenale Tendense

REËNVAL




Figuur 3: Kumulatiewe reënval data vir die Wes-Kaap gedurende die 2023/24 groeiseisoen. Reënvalkaart uitleg verteenwoordig die Na-Oes (Apr-Mei), Winter (Jun-Aug), Somer (Sep-Des) en Rypwording (Jan-Mar) periodes.

Seisoenale Tendense




WINDURE

Figuur 4: Uitbeelding van maandelikse windure vir geselekteerde maande in die Wes-Kaap gedurende die 2023/24 groeiseisoen. Die kaartskakering dui op aantal ure per maand binne die wind klassifikasie stormsterk/rukwinde ($> 18 \text{ km/h}$) vir September, Oktober en Desember 2023 en seebries ($< 18 \text{ km/h}$) gedurende Januarie 2024.



SAWIS Statistiese Distrikte





Legende

Hektare per Statistiese Distrik

	Breedekloof
	Kaap Suidkus
	Kaapstad
	Klein Karoo
	Noord-Kaap
	Olifantsrivier
	Paarl
	Robertson
	Stellenbosch
	Swartland
	Worcester

Totale wyndruiwe hektare: 87 848 ha

Map compiled by: Heinrich Schloms
SAWIS statistiekstreke
Phone: 083 480 2686 / 021 276 0432
www.vinpro.co.za

Time created: 11:39:12
Date created: 2024/05/07

Coordinate System: GCS WGS 1984
Datum: WGS 1984



Document Path: C:\Users\Heinrich.Schloms\OneDrive - vinpro.co.za\Documents\Projekte\Bakenings\Bakenings\KRWV_streke\SAWIS_statistiekstreke\Etterne.mxd

Breedekloof

BREDEKLOOF-DISTRIK

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Chenin blanc 22% | Colombar 14%

Sauvignon Blanc 12% | Pinotage 7%

Chardonnay 6% | Ander 39%

TOTALE
HEKTARE
12 654

UITGEKAP
IN 2023
459

GEPLANT
IN 2023
378

Klimaat en wingerdkundige tendense



Na afloop van die 2023-na-oesperiode, het blaarval vroeg plaasgevind. Dit kan moontlik toegeskryf word aan hoë siektedruk na hewige somerreënval. Kommer heers dus oor effektiewe blaaraktiwiteit en voldoende opbou van reserwes, en die oorspoeleffek daarvan op die 2024-seisoen.

Besondere hoë reënval is tydens die winter aangeteken; in Junie 2023 is 180 mm reën by die Bothasguns-weerstasie aangeteken, teenoor 90 mm in die vorige seisoen (**Figuur BK1**). Dit het gelei tot vloedskade (**Foto BK1**) aan paaie en wingerde in die laagliggende areas. Die akkumulasie van koue-eenhede was voldoende vir effektiewe opheffing van dormansie. Dus, was dit geensins nodig om enige rusbrekende middels toe te dien nie.

Die wingerde het naby aan die langtermyn-gemiddelde datum uitgebot, ongeveer sewe tot 10 dae vroeër as die vorige seisoen. Oor die algemeen het die wingerde egalig uitgebot, met die uitsondering van sekere Chardonnay- en Shiraz-blokke. Dit kan toegeskryf word aan die hoë voorkoms van swaminfeksies in die 2023-na-oesperiode.


Tydens die lente van 2023 is bogemiddelde reënval in die distrik aangeteken, en in die laaste week van September is 38 mm reën by die Bothasguns-weerstasie gemeet. Hierdie



Foto BK1: Vloedskade aan paaie en wingerde na die swaar reëns.

reën het tot hoër donsskimmeldruk gelei en swak vrugset by sekere kultivars veroorsaak het. Aanvanklik het die vrugset goed vertoon, maar soos die korrels vergroot het, is meer donskimmelskade opgemerk en van die laat rooi kultivars se trosse het losser vertoon.

Winterreënval in die Breedekloof-distrik



Figuur BK1: Winterreënval (mm) in die Breedekloof-distrik vir die Bothasguns-weerstasie, maandeliks uitgedruk vir die 2022/23- en 2023/24-seisoene.

Die wingerd het goed en vroeg uitgebot, hoewel koeler periodes aan die einde van Oktober en in die laaste week van November tot later blom- en vrugsetdatums gelei het. Verder, het laer as normale temperature in die tweede week van Desember 'n negatiewe effek op die korrelgrootte van Chenin Blanc- en Colombar-druive gehad. Lowergroeï in die vroeë lente was stadig en in sommige gevalle swak. Dit het egter verbeter teen Desember, hoewel minder tip- en topaksies uitgevoer was as normaal.

Deurslaan het volgens normale tydlyne plaasgevind, met die uitsondering van die laat rooi kultivars wat effe vroeër as normaal deurgeslaan het. Die eerste druive was, soos die norm, aan die einde van Januarie gepars. Chenin Blanc- en Colombar-druive het vinnig ryp geword. Die middel en laat rooi kultivars was effe vroeër as normaal gepars.

Algemene opmerkings



Hewige reënval is in Junie en September aangeteken, wat noemenswaardige skade aan paaie en wingerde berokken het. Hoë siektedruk het aan die begin van lente geheers, wat uiteindelik 'n invloed op die oeslading sou hê. Gelukkig, was dit droër gedurende die laat-lente en -somer, wat die swamsiekte-druk aansienlik verlig het.

Rypskade het hierdie seisoen voorgekom in areas waar dit nie tradisioneel ryp nie, insluitend die laagliggende gedeeltes van Slanghoek, Breedekloof/Botha en Goudini (**Foto BK2**). Na dese, weens die uitspruit van sekondêre oë, is variasie in die rypheid tussen korrels waargeneem, wat akkurate trosmonsterneming genoodsaak het.

Uiters hoë temperature is vanaf die middel van Januarie tot die eerste week van Februarie aangeteken, wat 'n demper op die aromatiese potensiaal van die vroeë Sauvignon Blanc geplaas het. Te midde van die hittegolf, is besproeiing in meeste van die Sauvignon Blanc-blokke egter goed bestuur, en die druive is eers later in Februarie gepars. Die sanitêre kwaliteit van die druive in die kelder was steeds voortreflik en baie min vrot het voorgekom. Rooi druive het baie mooi verkleur en min groen korrels is waargeneem in die parsbakke.



Foto BK2: Rypgeaaffekteerde Chenin Blanc in die Breedekloof-streek, wat die verbruining en verdroging van die primêre blomtrossies aandui. Chenin Blanc het hoë newe-oë vrugbaarheid, wat 'n mate van oesherstel tot gevolg het.

Produksietendense

Die aanvang van pars, met die inname van die vroeë kultivars, het volgens normale tydlyne verloop. Die middel en laat kultivars was effe vroeër as normaal gepars, en die oes is amper sewe tot 10 dae vroeër as normaal afgehandel. Die opbrengste van die vroeë kultivars, soos Chenin Blanc, Chardonnay, Colombard en Pinotage, is baie laer in vergelyking met die 2023-oes. Daarteenoor, het Sauvignon Blanc, Merlot, Cinsaut en Cabernet Sauvignon 'n groter oes as in 2023 gelever. Algeheel beskou, is die totale 2024-oes ligter as die vorige seisoen.

Druif- en wyngelalte



Druifontledings van alle kultivars was deur die bank binne optimale grense. Ontledings van organiese sure het noemenswaardig verskil tussen kultivars en blokke van dieselfde kultivars, en kan toegeskryf word aan die variasie geskep deur die ryp. In geheel, vir die wit kultivars, was dit 'n kwalitatiewe jaar. Benewens goeie ontledings en geuruitdrukking, was die druifwe gesond. Die rooi druifwe het optimale rypheid teen 'n laer suikervlak behaal, en dus, is die alkohol in dié wyne nie so hoog soos normaal nie. Kleurontwikkeling by rooiwyne is besonders en in geheel gesien, beter as ander oesjare.



Callie Coetzee 083 526 1486
callie@vinpro.co.za

Kaap Suidkus

KAAP SUIDKUS-STREEK

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Sauvignon Blanc 29% | Chardonnay 14%

Pinot Noir 14% | Shiraz 12%

Cabernet Sauvignon 6% | Ander 25%

TOTALE
HEKTARE
2 646

UITGEKAP
IN 2023
28

GEPLANT
IN 2023
38

Klimaat en wingerdkundige tendense



Die Kaap Suidkus-streek het 'n unieke aanloop tot winter beleef met besondere hoë reënval gedurende die 2023-oestydperk.

Hewige stortreëns in Februarie het tot 150 mm water opgelewer en die weg gebaan vir gereelde reënbuie wat tot en met die parstyd voortgeduur het. Die reënweer het uiteraard 'n positiewe impak gehad op waterreserwes, terwyl die lowers verbasend gesond gebly het na die reën. Hael het plek-plek lowers geaffekteer, maar nie tot so 'n mate dat die opbou en stoor van reserwes belemmer sou word nie.

Na afloop van 'n besondere nat somer, waar beide orografiese (vanuit die suid-ooste) en frontale (vanuit die weste) reën noemenswaardige bydraes gemaak het, het winterreënval in die breë tred gehou met die langtermyn gemiddeld. In terme van winterkoue, het die Kaap Suidkus-streek 'n uitstekende winter beleef en koue-eenhede het ononderbroke opgebou sedert Meimaand. Gebiede aan die oostelike gedeeltes van die streek het minder koue geakkumuleer as aan die weste kant, en dit is hoofsaaklik toe te skryf aan hoë temperature tydens Augustus.

Die eweredige bot het die optimale wintertoestande bevestig. Vroeë en gevoelige kultivars soos Chardonnay het binne die verwagte vensters uitgebot, en dikwels sonder die hulp van rusbrekende middels. Aanvanklike groei was traag, gegewe die koel en nat gronde, en produsente moes telkemale intree om slakke te beheer. Aan die einde van September het die Kaap Suidkus-streek hewige stormweer beleef, met tot 250 mm reën in 24 uur in kombinasie met stormsterk winde, wat grootskaalse skade aan paaie en wingerdinfrastruktuur aangerig het. 'n Groot hoeveelheid wingerde was vir die eerste gedeelte van September onbegaanbaar en produsente het veral gestoei met donsskimmel. Teenoor ander vloedgeaffekteerde areas, was die temperature in die lente betreklik laag, wat swaminfeksies tot 'n mate gedemp het. Dit sou ook 'n beperkende faktor plaas op blom en set van veral die vroeë kultivars. Die trae groei wat waargeneem is in die lente is vinnig omgekeer in die vroeë somer, en produsente moes kophou om lowers in toom te hou.

Algemene opmerkings



Die nat en koue lentetoestande het veral streepvlekinfeksies aangehits (**Foto KSK1**). Tesame met die koel en winderige weer tydens blom en set kon die streepvlekinfeksies ook 'n beperkende rol gespeel het in blom en veral die vrugset. So ook was 'n verskeidenheid insekplae op vlakke waargeneem wat selde in ander jare problematies was, veral bolwurm en slakke is opgemerk in hoë getalle en het groot skade aangerig.



Foto KSK1: Langwerpige streepvleketels op Shiraz weens infeksies tydens vroeë lente in die Kaap Suidkus-streek.

Produksetendense

Soos in baie ander streke, wil dit voorkom of veral die vroeë kultivars noemenswaardige produksieverliese gelei het weens koel en nat weerstoestande. Veral Chardonnay, en tot 'n sekere mate Sauvignon Blanc, is geaffekteer. Die later-fenologie kultivars, vername Merlot en Shiraz, het dié kondisies vrygespring en het oor die algemeen baie goeie produksies gelever.

Druif- en wyngelalte



Druie in 2024 het baie gesond vertoon weens die laer reënvalsyfers wat tydens parstyd aangeteken is teenoor die vorige jaar. Rypwording was sewe tot 10 dae vroeër vir die eerste blokke wat ingeneem is, en is toe te skryf aan beide die temperature maar ook laer oesladings wat rypwording aangehits het. Suiker- en suurvlakke was binne die optimale norme. Sapverhalings was laer as gewoonlik, maar die teenwig van uitstekende kwaliteit is noemenswaardig. Rooiwyne het tot volrypheid ontwikkel.




Elgin-distrik

Hoewel die distrik gewoonlik van die hoogste koue-akkumulasies van alle distrikte aanteken, het die Elgin-vallei hierdie seisoen nie noodwendig meer koue-eenhede tydens die winter geakkumuleer nie, vergeleke met die ander dele van die Suidkus. Toestande tydens lente was koel en nat, en aanvanklike groei het teen 'n slakkepas gevorder. Die effek van die stormweer tydens lente blyk beperk te wees tot die impak van die rukwinde wat in baie gevalle jong blare beskadig het. Die beskadigde blare, en volgehoue hoë windspoed tydens die vroeë somer, het veral korrelset beïnvloed (**Figuur KSK1**).



Foto KSK1: Hen-en-kuiken vrugset (millerandage) op Chardonnay in die Elgin-distrik.

Gemiddelde maandelikse maksimumwindspoed in Elgin



Figuur KSK1: Gemiddelde maandelikse maksimumwindspoed (km/h) gedurende die 2023/24-groeiseisoen teenoor dieselfde tydperk in 2022/23 vir die Appelwaithe-weerstasie in die Elgin-distrik.

Hen-en-kuiken vrugset (millerandage) was veral opsigtelik in die Chardonnay-wingerde (**Foto KSK1**). Daar was ook deurgaans losser set by die oorgrote meerderheid van kultivars opgemerk. Die uitsondering hier is Pinot Noir

(**Foto KSK2**) en Sauvignon Blanc, wat steeds tradisionele, kompakte trosse gelever het. Die later kultivars, Shiraz en Merlot, het uitstekende produksies gelever. Produsente is opgewonde oor die kwaliteit van veral die vroeë wit kultivars.




Foto KSK2: Pinot noir, met goeie produksies en eweredige deurslaan, Februarie 2024.

Hemel-en-Aarde-vallei-wyk

Maksimumtemperatuur het vanjaar saamgewerk om die ideale winterkurwe te bewerkstellig (**Figuur KSK2**). Koue-akkumulasie in die Hemel-en-Aarde-vallei was voldoende en hoë temperatuur in Augustus het bygedra tot eweredige bot van veral Chardonnay. Reënmeters het telkens oorgeloop; Junie tot September het 25% meer reënval as die norm aangeteken, waarna reën vir die res van die seisoen ondergemiddeld was. Die Hemel-en-Aarde-vallei is swaar getref deur stormagtige toestande aan die einde van September wat plaaspaai verspoel het en toegang tot

wingerde beperk het. In tandem met hoë swamsiekte-druk, het gronde vir lang periodes koud gebly, en wingerde se aanvanklike groei was traag. 'n Temperatuurpiek in November het wel wingerdgroei tot op norm gebring. Verdere temperatuurpieke, veral in Januarie, het rypwording versnel, en produsente moes bontstaan om Chardonnay- en Pinot Noir-druie tydig in te neem. Die sanitêre toestand van die druie was uitstekend. Ondanks die uitdagings aan die begin van die seisoen is produsente stilweg opgewonde oor die kwaliteit in die kelder.



Figuur KSK2: Gemiddelde maandelikse maksimumtemperatuur (°C) vir 2023/24 teenoor die langtermyn-gemiddeld vir die Ertjiesvlei-weerstasie naby Hermanus.



Etienne Terblanche 072 402 7434
etienne@vinpro.co.za

Kaapstad

KAAPSTAD-DISTRIK

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Sauvignon Blanc 37% | Cabernet Sauvignon 15%

Merlot 10% | Shiraz 10%

Chardonnay 7% | Ander 21%

TOTALE
HEKTARE
2 578

UITGEKAP
IN 2023
61

GEPLANT
IN 2023
32

Klimaat en wingerdkundige tendense



Weens die hewige reënval in Maart 2023, het die distrik se wingerde 'n oorwegend positiewe na-oestydperk beleef. Tydens hierdie kritieke periode, wanneer koolhidraatreserwes vir die daaropvolgende seisoen gestoor word, benodig wingerde genoeg voeding en water. Veral die droëlandwingerde het voordeel getrek uit die na-oesreën, wat ook die opkoms van dekgewasse bevoordeel het.

Blaarval het volgens normale tydlyne verloop. Net soos die ander distrikte, het die Kaapstad-distrik goeie winterreën ontvang, en reënval tydens Juniemaand was besonder goed. Die reëns was voldoende om grondwater aan te vul en produsente se damme was ook tot kapasiteit gevul teen einde Junie. Tesame met die goeie reënval, was lae wintertemperature ook baie voordelig. Veral tydens Junie en Julie is min warm dagtemperature ervaar; gevolglik, was die gemiddelde maksimumtemperatuur vir Junie en Julie aansienlik laer as dieselfde tydperk in 2022. Wingerde kon dus ononderbroke winterrus geniet en koue-eenhede kon effektief akkumuleer.

Die aanvang van lente was gekenmerk deur verdere bogemiddelde reënval in September. Nietemin, was die uitbot van

wingerde egalig, waarskynlik te danke aan die goeie wintertoestande en reserwestatus van wingerde. Grondprofiel was gevul tot kapasiteit en damme het oorgeloop. Koue temperature en waterversadigde gronde het stadige aanvanklike groei tot gevolg gehad. Weens die nat kondisies in die wingerde was die toegang van spuittoerusting op meer uitdagende terrein beperk, wat die risiko vir die ontwikkeling vir swamsiektes verhoog het.


Die groeiseisoen was oor die algemeen positief. Hoewel sterk winde gereeld vanaf Oktober tot en met Kersfees gewaai het, het goeie opvolgreën in November en Desember geval, wat veral droëlandwingerde 'n nodige hupstoot gegee het voor deurslaan (**Figuur KAAP1**). Behalwe vir die nat September, en enkele verdere reënbuie, was die groeitydperk oor die algemeen droog met laer as normale siektedruk. Produsente wat 'n goeie voorkomende swambeheerprogram met kort interalle gevolg het, het goeie resultate verkry.

Oes- en wynkwaliteit



Die somer was gekenmerk deur droë en warm toestande, wat positief was vir rypwording in die distrik. Soos in ander streke, was die aanvang van oestyd ook vroeër en het dit baie na aan normale datums

Reënval tydens die 2023/24-seisoen: Kaapstad-distrik



Figuur KAAP1: Effektiewe reënbuie (>7 mm) vir Durbanville-wyk (Diemersdal-weerstasie) en Constantia-wyk (Klein Constantia-weerstasie) vir die 2023/24-groeiseisoen.

klaargemaak. Produsente was beïndruk met goeie produksies, asook die kwaliteit van die Sauvignon Blanc-oes (**Foto KAAP1**). Witwyne spog met goeie geurintensiteit en rooiwyne lyk belowend met goeie kleurontwikkeling. Wynmakers het plek-plek melding gemaak van hoër as normale pH-vlakke, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word

aan die volgehoue warm kondisies wat in Januarie geheers het. Vroeë indikasies van opbrengste, is dat die streek 'n groter oes as dié van 2023 te wagte kan wees. Die gunstige winter, genoeg reën op kritieke tye en droë somertoestande het inderdaad gelei tot 'n baie goeie seisoen vir produsente en wynmakers.




Foto KAAP1: Sauvignon Blanc-trosse met goeie set en korrelgrootte, Durbanville, Januarie 2023.

Durbanville-wyk

Weens gunstige toestande het vroeë indikasies van die oesgrootte gedui op 'n groter opbrengs as die klein oes van 2023. Aanvanklike hoë siektedruk het in sekere gevalle uitdagings veroorsaak. Uiteens nat kondisies na swaar reënval in September en begin Oktober het tot beperkte toegang in die wingerd gelei, wat dit onbegaanbaar gemaak het vir spuittoerusting. Producenten het egter puik gevaar wat siektebeheer betref en kon goeie produksies en kwaliteit behaal. Reënval op 30 Desember was baie voordelig omdat dit op die kritieke tyd net

voor deurslaan voorgekom het, en veral droëlandwingerde 'n nodige hupstoot gegee het. Die volgehoue warm kondisies tydens Januarie en Februarie het gesorg vir altesaam 15 ure bo 35 °C teenoor geen ure bo 35 °C in dieselfde tydperk in die vorige seisoen (**Figuur KAAP2**). Dit kan moontlik wynstyl beïnvloed by aromatiese kultivars soos Sauvignon Blanc en is ook moontlik die rede vir hoër pH-vlakke in 2024-wyne vanuit hierdie wyk. Die droë en warm kondisies tydens die parstyd het gesonde druwe van goeie gehalte opgelewer en produsente is baie positief.




Figuur KAAP2: Gemiddelde maandelikse minimum- en maksimumtemperatuur vir die Durbanville-wyk vir die 2022/23- en 2023/24-groeiseisoene (Diemersdal-weerstasie).

Constantia-wyk

Soos in die Durbanville-wyk, was die kondisies in Constantia gunstig vir goeie oesverwagtinge. Goeie reëns in die winter en lente het grondwatervlakke en damme tot kapasiteit gevul. Verder, het min maar voldoende reën op kritieke tye tydens die groei- en rypwordingstydperke verseker dat daar genoeg water was vir wingerde om die warmer somer maande te trotseer. Dit het ook bygedra tot die ontwikkeling van gesonde duiwe van goeie gehalte.

Wat die Constantia-wyk egter uitsonder, is dat hierdie area nie die warm weer in Januarie en Februarie ervaar het soos die res van die Kaapstad-distrik nie. Januarie 2024 se gemiddelde maksimumtemperatuur was slegs een graad warmer as die selfde maand in 2023 (**Figuur KAAP3**), met feitlik geen verskille in Februarie tussen hierdie en die vorige seisoen nie. Daar was ook geen hittepieke bo 35 °C nie en slegs vier ure bo 33 °C in totaal. Dit het gelei tot goeie wyne met intense aromatiese profile en wyndruifanalises binne die optimale band.



Figuur KAAP3: Gemiddelde maandelikse minimum- en maksimumtemperatuur vir die Constantia-wyk vir die 2022/23- en 2023/24-groeiseisoene (Klein Constantia-weerstasie).



Gert Engelbrecht 072 152 4028
gerte@vinpro.co.za

Klein-Karoo

GRAHAM BECK

KLEIN-KAROO-STREEK

TOP 5

KULTIVAR VERSPREIDING

Colombar 34% | Chenin Blanc 22%
Muscat d'Alexandrie 5% | Shiraz 4%
Sauvignon Blanc 4% | Ander 31%

**TOTALE
HEKTARE**
1 988

**UITGEKAP
IN 2023**
130

**GEPLANT
IN 2023**
42

Klimaat en wingerdkundige tendense




Blare het vroeg ná pars geval weens laat donsskimmeluitbrake, wat veroorsaak was deur hoër reënval in Maart 2023. Gevolglik was suboptimale opbou van reserwes te verwagte. Die Klein-Karoo-streek beslaan 'n wye geografiese area en die weer varieer dus aansienlik deur die streek. Hoë reënvalsyfers is in die Montagu-omgewing tydens die na-oesperiode aangeteken, ongeveer 170% hoër as die langtermyn gemiddeld vir April en Mei. Dieper in die Klein-Karoo, in die omgewing van Ladismith, was die reënval selfs beter: ongeveer 40 mm meer reën het hier geval as in die Montagu-omgewing.

Die Klein-Karoo-streek het 'n goeie winter beleef in terme van koue. Temperature in Junie en Julie was kouer as die langtermyn gemiddeld, hoewel die weer in Augustus eeffe warmer was. Die koue-eenhede was voldoende vir die opheffing van dormansie en uitbot was egalig. In die Montagu-omgewing was die totale reënval vir die wintermaande soortgelyk aan die langtermyn gemiddeld. Die Ladismith-omgewing het egter dubbeld meer reënval as die vorige winter aangeteken.



Foto KK1: Uitgedroogde botsels van rypgeaffekteerde Chenin Blanc na die koue van 12 September 2023.

Minimumtemperatuur: Buffelshoek-Ladismith, Klein-Karoo-streek



Figuur KK1: Daaglikse minimumtemperatuur vir September 2023 (Buffelshoek-Ladismith weerstasie), wat op twee geleenthede ryp-toestande uitwys (5 en 12 September).

Die goeie reënval het besproeiingswater voldoende aangevul en braksoute kon effektief uit die grondprofiel geloog word. Wingerde het ongeveer twee weke vroeër as normaal gebot, hoewel koue weer in September die uitbot vertraag het. Dus, was wingerde wat later gebot het, slegs enkele dae vroeër. Vrugset was 'n paar dae vroeër as normaal en ooglopend beter as verlede seisoen, veral op Colombar- en Ruby Cabernet-wingerde. In die Keisie- en Baden-areas, asook in Ladismith, het koue weer en sneeuneerslae in September tot rypskade op twee afsonderlike gevalle gelei (**Figuur KK1 en Foto KK1**).

Hoewel die wingerde aanvanklik stadig gegroei het weens die koue en nat toestande in September, het die aktiewe groei vanaf November toegeneem en effektiewe lowers tot stand gebring (**Foto KK2**). Weens die hoë reënval in die lente, moes produsente bontstaan om hoë donsskimmeldruk te beheer. Dit het wel afgeneem met die aanvang van droë weer in November.

Deurslaan het enkele dae vroeër as normaal aanvang geneem, en was oor die algemeen goed en egaal. Rypwording was enkele dae vroeër as die langtermyn gemiddeld. Kultivars het meestal in die normale volgorde rypheid behaal. Die nat, koel weer het in Desember voortgeduur met gepaardgaande hoë swamsiekte druk. Benewens hierdie uitdagings, was die hoër reënval positief omdat watervoorsiening vir besproeiing volop beskikbaar was.

Algemene opmerkings



Swamsiekte druk – beide witroes en donsskimmel – was deur die loop van die seisoen baie hoog. Met enkele uitsonderings, kon produsente daarin slaag om die swamsiektes effektief te beheer, en droë toestande in November het die donsskimmelbeheer ook vergemaklik. Geringsse oesverliese as gevolg van witroes en donsskimmel is gerapporteer. Rypskade het ook oesverliese tot gevolg gehad, maar aansienlik minder as in ander wingerdverbouingstreke. Vloedskade, hoofsaaklik beperk tot skade aan infrastruktuur, is weens die hewige reënneerslae aangeteken. Gunstige, droë toestande tydens parstyd het aanleiding gegee tot gesonde



Foto KK2: Gereelde reënval gedurende die groeiseisoen het effektiewe lowers tot gevolg gehad, met genoegsame blaaroppervlak om 'n gebalanseerde oes ryp te maak (Montagu), Desember 2023.

druwe van uitstaande gehalte. Goeie reënval het in Maart voorgekom; omdat die grootste gedeelte van die oes reeds veilig in die kelder was, is min probleme met Botrytisvrot ervaar.

Produksetendense

Parstyd het 'n paar dae vroeër as normaal afgeskop. Ten spyte van uitdagings, soos ryp en vloede, was die 2024-oes groter as dié van 2023. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan goeie reënval en voldoende besproeiingswater deur die loop van die seisoen. Braksoute kon effektief uit die grondprofiel geloog word en beter vrugset is waargeneem, veral in Colombar-blokke. Die druifkwaliteit en -gesondheid was oor die algemeen beter as in 2023.

Druif- en wyngelalte



Pars het oor die algemeen glad verloop as gevolg van gunstige en droë weerstoestande. Druifontledings was binne die verwagte norme, hoewel duiwe met hoër-as-normale appelsure wynmakers op hul tone gehou het. Wynkwaliteit van beide wit en rooi kultivars is op dié vroeë stadium uitstekend, en rooiwyne vertoon goed met intense kleur ekstraksies.

Opsomming

Die 2024-oesjaar sal onthou word vir buitengewone hoë reënval tesame met uitstekende wynkwaliteit. Dit benadruk die feit dat tydsberekening van reënval gedurende die seisoen krities is – in hierdie geval het hewige reënval op die regte tyd 'n positiewe effek op druifkwaliteit en -produksie gehad.



Hennie Visser 083 455 5193
henniev@vinpro.co.za

Noord-Kaap

BABYLONSTOREN

NOORD-KAAP

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Colombar 43% | Chenin Blanc 29%
Villard Blanc 5% | Cabernet Sauvignon 4%
Muscat d'Alexandrie 3% | Ander 16%

TOTALE
HEKTARE
2 405

UITGEKAP
IN 2023
519

GEPLANT
IN 2023
-

Klimaat en wingerdkundige tendense



In die 2023-na-oesperiode het blaarval reeds teen einde Maart begin, hoewel ongeveer 80% van die blaarval eers teen middel Mei plaasgevind het. Produsente was bekommerd oor voldoende opbou van reserwes weens hoër temperature in die na-oesperiode, maar reserwe-opbouing was uiteindelik voldoende. Die koue winterseisoen en gematigde maksimumtemperatuur was gunstig vir goeie opbou van koue-eenhede, met 'n bogemiddelde hoeveelheid koue-eenhede wat aangeteken is in die winter (**Figuur NK1**).


Huilsapvloei weens wortelaktiwiteit het eers begin in Julie, en bot by vroeë kultivars op buitegronde (warm, klipgronde met drupbesproeiing) het begin teen 15-28 Augustus. Bot was oor die algemeen egalig en die meeste wingerde het teen 26 September klaar gebot. Laat ryp is aangeteken op 7 en 12 September, net voor die meerderheid van die wingerde gebot het, en dus was skade op ogies beperk.

Blom was eeffe ongelyk, met verskille in die ontwikkeling van blomtrosse tussen blokke van dieselfde kultivar. Van die vroeë kultivars was onderhewig aan windskaie, wat teen die einde van die seisoen uitgespeel het in ondergemiddelde opbrengste, hoewel dit steeds beter was as die 2023-oes. Enkele wingerde het groeistandverskynsel getoon, hoofsaaklik weens kumulatiewe onvoldoende reserwe-opbou oor die laaste paar seisoene.

Hen-en-kuiken vrugset (millerandage) was by sekere vroeë kultivars opgelet, veral in Chardonnay- en vroeë Chenin Blanc-blokke met lae reserwestatus. Oor die algemeen het trosse egter egalig vertoon in terme van vrugset en korrelgrootte. Deurslaan het vanaf middel Desember begin plaasvind en was teen middel Januarie voltooi.

In blokke waar onvoldoende reserwes opgebou het, het druiwe reeds in die eerste week van Januarie ryp geword. Daarteenoor, was meeste van die blokke, wat die voordeel getrek het van die goeie winterkoue, later as die vorige seisoen geoes. Sauvignon Blanc, Irsay Oliver en Chenin Blanc wat op buitegrond

Minimum Temperature & Koue akkumulasie 2023 vs 2022



Figuur NK1: Minimumtemperatuur vir 2023 en akkumulasie van Infruitec koue-eenhede vir die 2022- en 2023-winter (Augrabies-weerstasie).

gevestig is, was eerste gepars teen middel Januarie. Vroeë kultivars het laer opbrengste gelewer, ongeag van die kultivartipe. Daar was ook noemenswaardige variasie in opbrengste van Chenin Blanc, Pinotage en Colombar.



Alle kultivars het egter verbeterde opbrengste gelewer in vergelyking met die 2023-oesjaar.

Algemene opmerkings

Siekte druk in die 2023/2024-groeiseisoen was baie laag weens gunstige weerstoestande. Sporadiese donsskimmelinfeksies het voorgekom, hoewel witroes meer algemeen voorgekom het tydens en ná die oestyd. Sonbrand, waar dit wel voorgekom het, was waarskynlik die grootste bydraende faktor tot ligter oeste. Dit is 'n nagevolg van gereelde temperature bo 35 °C, en bestuur wat gelei het tot lowers wat oopgeval het en boonste trosse ontbloot het. Ander weersomstandighede, soos ryp in September en fyn hael tussen Grootdrink en Keimoes, het beperkte negatiewe effekte op die oes gehad.

Produksetendense

Die pars het op 5 Januarie afgeskop, maar eers teen 23 Januarie op volle dreef gekom. Die oestyd was tussen 26 Maart en 12 April 2024 voltooi. Die oes was aansienlik groter as verlede seisoen, hoofsaaklik weens gunstige weersomstandighede, insluitend beperkte reën tydens die groei- en rypwordingstydperke, 'n gunstige winterseisoen met lae minimumtemperatuur, asook matige tot koeler maksimumtemperatuur as gewoonlik. Vroeë kultivars soos Sauvignon Blanc, Chenin Blanc en Pinotage se produksies was konserwatief en in lyn met die vorige jaar, terwyl die later kultivars, vernaam Colombar en Ruby Cabernet, aansienlike verbeterings getoon het in terme van opbrengste.

In ag genome die algehele produksies, moet dit gemeld word dat Sauvignon Blanc bo-aan die uitkappingslys was in die vorige siklus en moontlik ook deels bygedra het tot die afname in opbrengste vir die streek. Die seisoen sal onthou word vir opmerklike wingerdherstel na hewige siekte druk in 2021 en 2022, asook die positiewe effek van voldoende koue-eenhede in die winter.



Foto NK1: Weens verbeterde koue-akkumulasie en afwesigheid van hittepieke in die winter is egalige en volledige uitbot op langdraers verkry.

Druif- en wyngelalte



Die druifontledings het gedui op gemiddelde suikers, en optimale titreerbare sure en pH-vlakke. Die kleur van die rooi kultivars is diep en donker. Oorhoofs en stilisties gesproke, vertoon hierdie oesjaar se wyne 'n ryper tropiese profiel, eerder as groener in styl. Wyngelalte was beter as verwag, veral vir die rooi kultivars, en voller styl wyne is vanjaar die tendens. Sapverhalings per ton was laer as die langtermyn-gemiddeld, terwyl die algehele sanitêre toestand van die druive noemenswaardig goed was (**Foto NK2**)



Foto NK2: Druifgelalte en -gesondheid was tot laat in die seisoen uitstekend.



Natasja Combrink 072 658 6903
natasja@owk.co.za

Olifantsrivier

OLIFANTSRIVIER-STREEK

TOP 5

KULTIVAR VERSPREIDING

Chenin Blanc 30% | Colombar 27%

Sauvignon Blanc 8% | Pinotage 6%

Shiraz 5% | Ander 24%

**TOTALE
HEKTARE**
8 405

**UITGEKAP
IN 2023**
287

**GEPLANT
IN 2023**
125

Klimaat en wingerdkundige tendense



In die na-oesperiode van 2023 het blaarval ongeveer 'n maand vroeër as normaal plaasgevind, wat tot swakker opbouing van reserwes vir die 2024-seisoen kon lei. Dié verskynsel kon 'n beperkende faktor wees vir toekomstige produksies, veral vir vroeë kultivars soos Pinotage.

Die 2023/2024-seisoen het afgeskop met bogemiddelde reëns en koue in die winter, wat bygedra het tot voldoende watervoorsiening vir besproeiing in die komende groeiseisoen. Die Olifantsrivier het twee maal sy walle oorstroom; eers in Junie en daarna weer in September, wat ongeveer 1 100 ha wingerd tydelik onder water gelaat het (**Foto OL1**). Die tweede oorstroming, waartydens van die vroeë kultivars reeds begin bot het, het produsente met groot skade gelaat (**Foto OL2**). Die beraamde impak op produksies op daardie stadium was in die orde van tot 10% van die totale tonnemaat uit die Olifantsrivier.

Uitbot was goed weens uitstekende winterkoue en hoër temperature in Augustus (**Figure OL1 en OL2**). Naas die vloede, het gematigde klimaatstoestande (in terme van temperatuur en windspoed) gedurende die blomperiode geheers.



Foto OL1: Wingerde wat reeds gebot het teen einde September 2023 en vir langdurige periodes (> 3 dae) onder water was.

Minimumtemperatuur deur die 2024-seisoen:
Olifantsrivier-streek



Figuur OL1: Gemiddelde minimumtemperatuur vir die 2023/24-seisoen teenoor die langtermyn gemiddeld (Olifantsrivier-weerstasie).

Vanaf Oktober tot Maart het die streek egter bogemiddelde minimumtemperatuur ervaar, met nagte wat nie afkoel nie (**Figuur OL1**). Daarteenoor, het die Olifantsrivier-streek vanaf Desember tot Maart ondergemiddelde maksimumtemperatuur aangeteken (**Figuur OL2**), waartydens die grootste risiko vir sonbrand en hittedruk in wingerde bestaan.

Siektes en plae




Donsskimmelinfeksies was hierdie seisoen 'n uitdaging weens hoë humiditeit in laagliggende en oorstroomde wingerde. Wingerde in vloed kon ook nie betyds bereik word met implemente en spuitpompe nie, wat gelei het tot swak siekte- en onkruidbeheer. Die enkele grootste faktor wat egter die oesgrootte geaffekteer het, was die oorstroming van beide die Olifants- en Doringriviere, wat baie modderskade tot gevolg gehad het (**Foto OL2**). Hierdie kleefmodder het wingerdgroei en vrugbaarheid gedemp en uiteindelijke verwerking in die kelders bemoei.

Na 'n skielike hittegolf in Desember, het sonbrand op vatbare vroeë kultivars soos Chenin Blanc voorgekom. Positiewe resultate is ondervind met die Vrugtevlug-spatprojek, wat daartoe gelei het dat laat Colombar- en Hanepoot-druive groen en gesond vertoon het teen oestyd.

Produksietendense

Die 2024-oestydperk het ongeveer sewe dae vroeër afgeskop as die vorige seisoen. Die ou hande korreleer dikwels 'n vroeër oes met 'n ligter oes, weens versnelde suikerakkumulasie wat gepaard gaan met groot lowers wat 'n relatiewe klein oes rypmaak. Die verklaring van die vervroegde oesdatum kan eerder toegeskryf word aan die temperatuurakkumulasie oor die totale groeiseisoen, soos uitgedruk in groeigradddae, wat teen die aanvang van oestyd 50 eenhede hoër was as in 2023. Soos ook in ander streke, was tonnemate van die vroeë kultivars, soos Chenin Blanc en Pinotage, heelwat laer as dié van later kultivars, soos Ruby Cabernet en Shiraz. Buiten die verwagte impak van die weerstoestande, was produksies ook noemenswaardig geaffekteer deur die vloede. Colombar is hierdeur swaar getref, omdat hierdie kultivar dikwels op alluviale gronde teen rivieroewers verbou word. Daarteenoor, word rooi kultivars op hoërliggende areas verder van die rivier verbou, en daardie wingerde het dus grootliks die impak van die vloede vrygespring. Opbrengste en kwaliteit van die edel rooi kultivars, Merlot en Cabernet Sauvignon, was uitstekend.

Maksimumtemperatuur deur die 2024-seisoen:
Olifantsrivier-streek



Figuur OL2: Gemiddelde maksimumtemperatuur vir die 2023/24-seisoen teenoor die langtermyn-gemiddeld vir die (Olifantsrivier-weerstatie).



Foto OL2: Modder wat kleef aan blare het tot uiteindelijke verdroging van die blare gelei, blomtrossies was egter in baie gevalle behoue.

Druif- en wyngelalte



Druifgelalte en ontledings het deurgaans positief vertoon. Minder druk op kapasiteit en matige weerstoestande het kelders in staat gestel om die duiwe gemaklik in te neem tot aan die einde van parstyd. Weens gunstige seisoenale faktore, asook proaktiewe vrot- en vrugtevliegbeheerstrategieë, was die druifgelalte oor die algemeen baie goed. Die temperatuur tydens rypwording het 'n noemenswaardige impak op Sauvignon Blanc se geurprofiel gehad; hierdie oesjaar se wyne het minder groen geure en vertoon daarteenoor 'n meer tropiese profiel. Die rooi kultivars se kleurontwikkeling en ekstraksievlakke lyk belowend.

Opsomming

Die 2024-seisoen sal onthou word as die vloedjaar, weens die besondere impak en skade wat die vloedwaters gebring het. 'n Uitvloeisel daarvan was hoë dons-skimmeldruk, maar ook innoverende denke, met produsente wat vir die eerste keer hommeltuie ingespan het vir meer effektiewe siektebeheer. Produksievlakke het belyn met die vorige oesjaar se syfers, in ag genome die noemenswaardige verliese weens die vloede. Nietemin, wink die belofte van wyne van uitstaande kwaliteit.



Klaas Coetzee 082 801 3737
klaas@vinpro.co.za

PAARL-DISTRIK

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Chenin Blanc 19% | Shiraz 15%
Cabernet Sauvignon 15% | Pinotage 9%
Chardonnay 8% | Ander 34%

**TOTALE
HEKTARE**
14 210.94

**UITGEKAP
IN 2023**
365

**GEPLANT
IN 2023**
135

Klimaat en wingerdkundige tendense



Matige weerstoestande ná die 2023-oes, tesame met vroeë reënbuie in Februarie en Maart, het ideale toestande vir die opbou van reserwes geskep. Blaarval het eers laat in die seisoen plaasgevind; die stokke kon die na-oesbemesting ten volle benut en reserwevlakke voldoende aanvul.

Die Paarl-distrik het oor die algemeen 'n koue, nat winter beleef. Koue-eenhede het vroeër (middel Mei) as die afgelope seisoene begin akkumuleer, en die aantal eenhede was ook baie hoër aan die einde van die winter (in vergelyking met historiese data). Die groot opgaardamme en plaasdamme was tot kapasiteit gevul.

Weens die warm weer in Augustus het sekere Chardonnay- en Chenin Blanc-blokke ongeveer sewe dae vroeër as normaal sterk uitgebot. Dieselfde tendens is ook in die Franschhoek-distrik waargeneem, met die kwik wat tot bykans 30 °C in Augustus gestyg het. As gevolg van die koue winter was die uitbotpersentasie hoog en egaal, hoewel koue en nat weer in September die inisiële groei vertraag het. In die Wellington-distrik was die uitbot egalig dog stadig weens die koue lentetoestande. Produsente het ook gesukkel ook om laerliggende blokke te bereik om die eerste swambeheerprogramme toe te dien, weens onbegaanbare nat gronde.

Met die oorgang na die somer het die weer drasties verander; droë en warm toestande het sterk vegetatiewe groei gestimuleer. Tydens blom het sterk wind egter voorgekom wat tot swakker vrugset gelei het. Blomtyd was relatief lank (in vergelyking met vorige seisoene) en redelike afspeen is in wingerde opgemerk wat aan die wind blootgestel was (**Foto PAARL1**). Verder, het die wind die aktiewe groei vroeër as verwag laat afplat en stagneer. In wingerde waar blare deur die wind beskadig is, is daar op 'n latere stadium (voor deurslaan) sonbrand op die duiwe waargeneem. Tydens November het die wind afgeneem, en die blom en vrugset van die later kultivars is minder ontwig.

Die somer was droog en warm, met hoë dag- en nagtemperatuur in Januarie wat transpirasie verhoog het en die oes vervroeg het. Simptome van waterstremming was toenemend sig-



Foto PAARL1: Losgesette trosse (minder korrels per tros) en klein korrelmaat (positief vir kwaliteit) in Shiraz-wingerd in die Paarl-distrik, November 2023.

baar soos die parstyd verloop het. Dít het ook simptome van rolblaarvirusinfeksies laat toeneem en sommige blokke het teen die einde van parstyd gesukkel met rypwording.

Algemene opmerkings



Reënval in die lente het onkruid-beheer bemoeilik; veral raagras, kweek en vaalskraalhans was moeilik beheerbaar in sekere areas. Verder, het winderige toestande die effektiewe toediening van alle spuitmiddels beperk.

Watervoorsiening vir besproeiing was hierdie seisoen volop beskikbaar. Beurtkrag, ander kompeterende gewasse (soos tamaties met hoë waterbehoefte), en die vinnige uitdroging van die grond tydens die winderige en warm toestande in die somer, het produsente onder druk geplaas om aan die wingerd se waterbehoefte te voorsien.




BABYLONSTOEREN

Franschhoek-distrik

Hewige reënval aan die einde van September het grootskaalse skade aan infrastruktuur, veral in die Franschhoek-distrik, veroorsaak. Sommige wingerde wat teen die Bergrivier geleë is, was

ook vir 'n wyle onder water. **Figuur PAARL1** illustreer 'n voorbeeld van die geweldige hoë reënvalvlakke wat in die distrik aangeteken is, soos gemeet by L'Ormarins-weerstasie.



Figuur PAARL1: Totale reënval per maand in die Franschhoek-distrik, soos gemeet by L'Ormarins-weerstasie in die 2023/2024-seisoen.



Tulbagh-distrik

Volgehoue koue en nat toestande het deur die verloop van die winter geheers en tot in die vroeë lente voortgeduur. Dit was gevolg deur warm, sterk winde wat in die somer gewaai het, wat die waterbehoefte van wingerde skielik laat toeneem het. Die opbrengste van

die wit kultivars was deur die bank laer en rooi kultivars het ongeveer dieselfde opbrengste as die vorige seisoen gelewer. Hierdie tendens kan grootliks toegeskryf word aan die afname in wingerdstand, waarvan die effekte nou tasbaar word.

Wellington-distrik

Weens die nat toestande in die herfs en lente was slakbeheer 'n uitdaging. Geringe vreetskade aan botsels was in die Wellington-distrik opgemerk. Donsskimmeluitbrake in Oktober het in hierdie distrik, en ook in sekere dele van die wyer Paarl-distrik, skade aan jong blomtrosse veroorsaak (**Foto PAARL2**). Weens

die droë, warm weer tydens die rypwordingstyd was min probleme met vrot ondervind, hoewel sporadiese sonbrand op blare en druiwe waargeneem is. Toestande tydens die vroeë somer het sterk vegetatiewe groei gestimuleer en produsente moes bontstaan om met hul swamsputprogramme by te hou.



Foto PAARL2: Uitgedroogde trossele weens donsskimmelinfeksies in die Wellington-distrik, Oktober 2023.

Produkstietendense

Weens warm en droë toestande in die somer het die parstyd vroeg afgeskop en blokke met ligter oeste is 10 tot 14 dae vroeër as normaal gepars. Rypwording van alle kultivars was vroeër as normaal, maar het volgens die normale volgorde plaasgevind. Shiraz en Sauvignon Blanc het oor die algemeen beter oeste opgelewer in vergelyking met vorige seisoene. Chenin Blanc, Chardonnay en Pinotage het egter ligter oeste gelever as gevolg van koel en winderige toestande tydens hul bot- en blomtyd, wat vrugset geaffekteer het. In verskeie dele van die Paarl-streek was Pinotage minder vrugbaar met laer trosgetalle as gewoonlik, wat moontlik aan die koue toestande in die lente toegeskryf kan word. Weens die winderige toestande in die lente/vroeë somer is taamlik baie afspeen waargeneem.

Weens die ligter oes en laer voorraadvlakke in kelders was daar nie baie druk op kelderkapasiteit nie. Produsente kon die oes sonder probleme inneem en plukspanne was geredelik beskikbaar.

Druif- en wyngelalte



Weens die min druk op kelderspasië kon die druive oor die algemeen teen optimale rypheidsgraad geoes word. Sure was 'n bietjie laer en pH-vlakke eeffe hoër as gewoonlik, wat aan die warm weerstoestande in Januarie toegeskryf kan word. Alkoholvlakke was ook laer as gewoonlik weens optimale rypheid teen laer suikervlakke. Sommige kelders het gerapporteer dat hoër fruktose-tot-glukose-verhoudings in die sap fyn bestuur van gistings noodsaak het.

Hierdie oesjaar se witwyne word gekenmerk deur minder uitgesproke geure op die neus, maar beter mondgevoel met 'n voller palet en gebalanseerde ontledings. Op dié vroeë stadium blyk die wyne van goeie gehalte te wees met rooiwyne wat diep kleurskakerings vertoon. Alkoholvlakke is laer en vertoon goeie struktuur en hou vermoë. Veral Chenin Blanc en Cabernet Sauvignon spog met uitstekende gehalte. Gemiddelde sapverhalings is deur die bank aangeteken, behalwe by blokke wat baie afspeen het en waar kleiner korrels voorgekom het.

Opsomming

Die 2024-oesjaar sal, onder andere, vir die uiters nat en koue winter en lente onthou word, waartydens oorstromings plaasgevind het en infrastruktuur beskadig is. Met die koms van die somer het die weer omgeswaai na baie droë en winderige toestande, wat 'n groot effek op die oesgrootte sou hê. Januarie was baie warm, wat die oes vervroeg het. Weens die uiterste weerstoestande is daar baie variasie in die streek tussen plase, kultivars en opbrengste. Dus, is dit moeilik om algemene tendense en oesgroottes met akkuraatheid vas te stel.



Hanno van Schalkwyk 083 455 5192
hanno@vinpro.co.za

Robertson

GRAHAM BECK

ROBERTSON-DISTRIK

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Colombar 14% | Sauvignon Blanc 13%
Chardonnay 13% | Chenin blanc 12%
Cabernet Sauvignon 10% | Ander 38%

TOTALE
HEKTARE
12 744

UITGEKAP
IN 2023
670

GEPLANT
IN 2023
343

Klimaat en wingerdkundige tendense



Ná die afloop van die 2023-oes, het die blare vroeg na pars geval. Dít was selfs ook die geval in wingerde met gesonde lowers, wat enkele weke na die tweede groot reëns in Maart 2023 onderhewig was aan besondere laat donsskimmel-uitbrake. Dus, word goeie reserwe-opbou en effektiewe opname van na-oesbemesting bevraagteken. Die heelwat kleiner 2023-oes en gevolglike laer lading op lowers kan moontlik die effek van die vroeë blaarval versag. Hoewel reënval gedurende April laag was, ongeveer 60% van die langtermyn gemiddeld, is meer as dubbeld die langtermyn gemiddeld gedurende Mei aangeteken.

Die Robertson-distrik het goeie wintertoestande beleef wat koue en reën betref. Gemiddelde temperature vir Junie en Julie was tussen 0,5 °C en 1,5 °C laer as die langtermyn gemiddeld, terwyl temperature vir Augustus baie soortgelyk was aan die langtermyn gemiddeld. Die koue-eenhede was voldoende vir die opheffing van dormansie en geen rusbreekmiddels was nodig nie. Goeie reënval – 43% meer as die langtermyn gemiddeld – is ook in die winter aangeteken. Gevolglik het natuurlike en gesaaide dekgewasse goed presteer (**Foto ROB1**). Ondergrondse water is goed aangevul en braksoute kon geloog word. As gevolg van die uitstekende reënval kon produsente hul volle bediening besproeiingswater uit die skema benut. Damme wat afhanklik is van bergwater was ook tot kapasiteit gevul en al die produsente het voldoende besproeiingswater vir die komende groeiseisoen gehad.

Soos verwag, het die wingerde gelyk en egalig gebot, met die eerste wingerde wat twee tot drie weke vroeër as normaal gebot het (**Foto ROB2**). Koue weer vroeg in September het egter die bot vertraag en gevolglik het die later kultivars dieselfde tyd as normaal gebot. Inisiële lootgroei was langsaam as gevolg van die koue, nat gronde en lae temperature in September. 'n Kouefront in September, tesame met sneeuneerslag, het wydverspreide ryp tot gevolg gehad. Hoewel rypskade gerapporteer is, was dit nie tot só 'n mate soos in die ander landboustreke nie. Hewige reënneerslae, 373% bo die langtermyn gemiddeld, is in September en




Foto ROB1: Digte, natuurlike winterdekgewasstand weens hoë winterreënval in die Robertson-streek.



Foto ROB2: Egalige bot en eweredige inisiële groei tydens September 2023 in die Robertson-streek.

Oktober aangeteken (**Figuur ROB1**), wat tot uiters hoë donsskimmeldruk gelei het. Vanaf die eerste week van November tot die eerste week van Desember het 'n warm, droë tydperk gevolg. Dít het produsente in staat gestel om donsskimmel onder beheer te bring en die omstandighede was bevorderlik vir goeie lootgroei.

Blom en vrugset het volgens normale tydlyne verloop. Die set van vroeë kultivars wat vroeg blom was swakker as normaal, met



Figuur 1 ROB1: Reënval (mm) in die Robertson-streek per maand, 2023/2024-seisoen teenoor die langtermyn gemiddeld.

klein korreltjies, en het los trosse tot gevolg gehad. Kultivars wat later blom het beter geset. Die totale reënval vir Desember was 88 mm, wat op sy beurt aanleiding gegee het tot hoë donsskimmeldruk en stimulerende groeitoestande. Deurslaan was effe vroeër as normaal en het aansienlik varieer tussen blokke. Rypwording was 'n paar dae vroeër as normaal, maar later as in 2023. Kultivars het volgens normale tydlyne rypgeword, behalwe Cabernet Sauvignon wat oor die algemeen effe vroeër was as Shiraz.

Algemene opmerkings



Die wingerde se aanvanklike groei was stadig as gevolg van 'n koel, nat en vroeë lente. Groei was egter oor die algemeen goed en het aansienlik verbeter met warm weer in November. Weens die hewige reënneerslae wat in die lente en vroeë somer voorgekom het, was donsskimmeldruk (**Foto ROB3**) en onkruidruk uitermatig hoog. Intensiewe swambeheerprogramme moes gevolg word en sekere produsente het noemenswaardige oesverliese aangeteken. Die reën het verder tot wydverspreide vloedskade en sporadiese oesverliese gelei, hoewel infrastruktuur die swaarste deurgeloop het. Geringe rypskade is ook in September aangeteken. Gunstige toestande tydens die parseisoen het botrytis-vrot beperk.




Foto ROB3: Donsskimmel-infeksie en gevolglike impak op trosmorfologie op Cabernet Sauvignon.

Produksetendense

Die oes het 'n paar dae vroeër as normaal afgeskop. Na 'n kleiner oes in 2023, het die 2024-oes verder gekrimp. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan laer produksies van die vroeë kultivars as gevolg van losser trosse met kleiner korrels, insluitend kultivars soos Chenin blanc, Chardonnay, Pinotage, Wit Muskadel en Pinot noir, met die uitsondering van Sauvignon blanc. Produksies van die laterryppwordende wit en rooi kultivars was beter as dié van die vroeë kultivars.

Druif- en wyngehalte



As gevolg van gunstige, droë toestande tydens parstyd, het die pars glad verloop. Goeie druifontledings, met hoë appelsure wat fyn bestuur in die kelder geverg het, en effektiewe suiker-na-alkohol-omsettings is gerapporteer. Sapverhalings (liter per ton) was goed en wynkwaliteit lyk uitstekend. Die gehalte en sanitêre toestand van die duiwe was voortreflik. Wynkwaliteit van beide wit en rooi kultivars lyk belowend en die rooiwyne toon goeie kleurontwikkeling.

Opsomming

Die 2024-oesjaar is gekenmerk deur ongewone klimaatuitdagings. Hoë humiditeit in die eerste helfte van die groeiseisoen het produsente laat bontstaan. Weerstoestande het opbrengste vir veral die vroeë kultivars nadelig affekteer, wat tot algehele lae produksies gelei het. Ondanks die beperking op tonnemaat was die duiwe gesond en vertoon die wynkwaliteit uitstekend.

GRAHAM BECK



Hennie Visser 083 455 5193
henniev@vinpro.co.za

Stellenbosch

STELLENBOSCH-DISTRIK

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Cabernet Sauvignon 20% | Sauvignon Blanc 13%

Merlot 12% | Shiraz 12%

Chenin Blanc 11% | Ander 32%

THISTLE & WEED

**TOTALE
HEKTARE**
11 815

**UITGEKAP
IN 2023**
427

**GEPLANT
IN 2023**
74

Klimaat en wingerdkundige tendense




Die koue en nat kondisies wat tydens die 2023-na-oesperiode geheers het, het voortgeduur in die winter. Dit het gesorg vir goeie reën en effektiewe opbou van koue-eenhede met min warm periodes in Mei, Junie en Julie. Wydverspreide en bogemiddelde reënval in Junie het vloede tot gevolg gehad, maar het ook die grondwatervlakke goed aangevul. Warmer maksimumtemperature in Augustus het uitbot van die vroeër kultivars aangehits. Die uitbot was baie egalig met goeie botpersentasies, waarskynlik danksy die goeie winterkoue.

Met die koms van September het die temperature weer gedaal, wat stadige inisiële groei tot gevolg gehad het. Bogemiddelde reënval van omtrent 100 mm en sterk winde het in die tweede helfte van September voorgekom, wat die grondwaterinhoud weer versadig het. Vanaf die einde van September is geen verdere noemenswaardige reënval tot middel Februarie aangeteken nie. Gereelde sterk winde met 'n maksimumwindspoed van bo 40 km/uur is gedurende Oktober aangeteken (**Figuur STB1**). Hierdie sterk winde was by verskeie weerstasies in die bergagtige gebiede aangeteken, asook die laerliggende areas, en het waarskynlik tydens vroegrypwordende kultivars se kritieke blomtyd gewaai.

Die droë kondisies het gesorg vir matige groei soos die seisoen gevorder het (**Figuur STB2**).

Lowerbestuurpraktyke kon tydig uitgevoer word en minder opvolgaksies was nodig. Warm weer met dagtemperature bo 35 °C is aangeteken in November, Januarie en Februarie. Welgevallenproefplaas het in Januarie en Februarie 2024 onderskeidelik 13 en 19 ure bo 35 °C aangeteken. Daarteenoor, is slegs 5 en 6 ure bo 35 °C onderskeidelik vir dieselfde tydperk in 2023 aangeteken. Januarie se nagtemperature was ook bogemiddeld warm.


Hierdie volgehoue droë en warm weer het gesorg dat die oestyd ongeveer 14 dae vroeër begin het, met vroeë kultivars soos Pinotage, Chardonnay en Chenin Blanc wat groot afnames in oesgroottes aangeteken het. Sonbrandskade was ook waargeneem op sekere blokke. Die kombinasie van die droë somermaande tesame met die hitte het vanaf begin Januarie baie druk op produsente se besproeiing-infrastruktuur geplaas. Droëlandwingerde en plase met beperkte besproeiingswater was die swaarste geaffekteer. Middel tot laat kultivars het beter gevaar met nader-aan-verwagte tonne en is gepars op hul normale oesdatums. Opvolgreën is aangeteken tydens die tweede helfte van Februarie, wat gehelp het met nodige watervoorsiening vir die middel- tot laatkultivars. Hoewel die oesverwachting hoog was met die aanvang van die seisoen, het die warm en droë weerstoestande in die somer sy merk gelaat, en 'n geringe afname vanaf die 2023-oes word verwag.



Figuur STB1: Maksimumwindspoed (> 30 km/h) in die Stellenbosch-distrik om ekstreme winde uit te beeld vir die 2023-teenoor die 2024-groeiseisoen (Welgevallen-weerstasie).

Wyndruifprodusente was oor die algemeen baie beïndruk, veral met die kwaliteit van rooiwyne. Selfs die witwyne toon goeie konsentrasie en intensiteit van geure. Lae insidensie van swamsiektes was oor die algemeen gerapporteer met slegs sporadiese

gevalle van witroes. Bolwurmskade was opgemerk aan die begin van die seisoen, wat ook 'n effek op vroeë kultivars se produksies gehad het. Volgens wynmakers het kleiner korrelgewigte bygedra tot laer sapverhalings.



Figuur STB2: Effektiewe reënbuie (>7 mm) in die Stellenbosch-distrik vir die 2023- teenoor die 2024-groeiseisoen (Welgevallen-weerstasie).



Foto STB1: Los en ongelyke vrugset is waargeneem in wingerde wat swaar geaffekteer is deur winde.



Foto STB2: Vroeë kultivars, soos Pinotage, het in 2024 beide minder trosse per loof asook kleiner korrels vertoon, in vergelyking met die norm.

Opsomming

Die 2024-oesjaar sal voorwaar onthou word as 'n seisoen wat baie nat afgeskop het, maar vanaf einde September tot middel Februarie geen noemenswaardige reën opgelewer het nie. Tesame met warm somertemperature, het hierdie omstandighede rypwording van vroeë kultivars versnel. Dit het gelei tot ligter oesgewigte vir vroeë kultivars en in sekere gevalle minder beskikbare besproeiingswater. Die droë toestande het egter druiwe van uitstaande gehalte gelever en beloop uitstekende 2024-wyne.



Gert Engelbrecht 072 152 4028
gerte@vinpro.co.za

Swartland

SWARTLAND-DISTRIK

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Chenin Blanc 21% | Shiraz 16%
Cabernet Sauvignon 13% | Pinotage 11%
Sauvignon Blanc 9% | Ander 30%

THISTLE & WEEED

**TOTALE
HEKTARE**
11 977

**UITGEKAP
IN 2023**
376

**GEPLANT
IN 2023**
150

Klimaat en wingerdkundige tendense



Die 2023-na-oesperiode het die hoogste reënval in jare aangeteken, en produsente met droëlandwingerde kon vir die eerste keer in etlike jare na-oesbemesting toedien. Toestande vir die opbou van reserwes in die wingerdstokke was uitstekend, met blaarval wat laat plaasgevind het.

Koue-eenhede het reeds aan die einde van Mei begin akkumuleer en het tot middel Augustus voortgeduur. Die aantal koue-eenhede was baie hoog, wat van 'n koue winter getuig het. Die eerste werklike warm periode was tydens middel Augustus, met hoë dagtemperature.

Die reënval in 2023 was ver bogemiddeld en bykans dubbel meer as dié van die vorige seisoen. Hewige reënval is veral tydens Maart, April en Junie aangeteken. Weens die koue, nat toestande het dekgewasse stadig gegroei, en dit eers aan die einde van die winter verbeter. Die meeste produsente het egter teen die einde van Augustus die dekgewasse getermineer om grondwater te bewaar.

Weens die warm weerstoestande in Augustus, het Chardonnay- en Pinotage-blokke sowat sewe tot 10 dae vroeër begin bot. Die aanvanklike uitbot was gelyk, maar weens die koue en nat weer in September, het later kultivars minder egaal gebot. Met die aanvang van die somer het weerstoestande baie verander; die warm weer en goeie

watervoorsiening het tot sterk vegetatiewe groei gelei. Tydens Oktober, die wingerd se blomtyd, het sterk winde voorgekom. As gevolg hiervan het die groei getaan, blomtrossies is afgespeen, en swakker vrugset (**Foto SW1**) is in blootgestelde wingerde aangeteken. Reënval in die somer was baie laag (**Figuur SW1**) en teen die einde van Januarie het wingerde reeds tekens van waterstremming (**Foto SW2**) begin toon.




Foto SW1: Swak vrugset in Shiraz weens winderige toestande, Oktober/November 2023.



Foto SW2: Noemenswaardige waterspanning in droëland Shiraz net voor oestyd, Januarie 2024.

Somerreënval in die 2023/24-seisoen: Swartland-distrik



Figuur SW1: Maandelikse somerreënval in die Swartland-distrik vir die 2023/24-groeiseisoen (Riebeeksrivier-weerstasie).

Algemene opmerkings



Deurslaan was hierdie seisoen vroeër, voor Januarie se hitte, en gevolglik was baie minder sonbrand as die vorige seisoen waargeneem. Hittepieke in Januarie, aan die begin van die parsseisoen, het die duiwe se suikervlakke vinnig laat toeneem.

Watervoorsiening tydens pars was problematies en simptome van waterstremming het voorgekom. Droëlandwingerde het teen die einde van die pars swargetrek. Weens die relatiewe klein oes en lae voorraadvlakke, was daar nie groot druk op kelderspasië nie. Sapverhalings was gemiddeld tot laag as gevolg van kleiner korrels, veral vir die wit kultivars.

Produksietendense

Die pars het sowat sewe tot 10 dae vroeër in die Swartland-distrik afgeskop, en weens die voortgesette droë en warm weer, het dit ook vroeg in Maart klaargemaak. Opbrengste van vroeë kultivars, soos Chenin Blanc en Pinotage, was veral ligter as normaal. Oeste van die later rooi kultivars was nader aan die norm.

Darling-distrik

Vanuit die Darling-distrik is dit berig dat die eerste blokke selfs vroeër gepars was as in ander streke, sommige tot 21 dae vroeër as die vorige seisoen. Soos in die res van die Swartland-streek, was die opbrengste van die Pinotage- en Chenin Blanc-blokke ligter as die vorige jaar, hoewel die later rooi kultivars beter presteer het. Weens die hittepieke in Januarie het suikers vinnig toegeneem voordat duiwe optimale rypheid behaal het. Later rooi kultivars het tydens meer matige toestande rypheid behaal en is op normale tye geoes.

Druif- en wyngelalte



Duiwe was oor die algemeen baie gesond en van uitstekende gelalte, en weinige probleme met vrot is ondervind. Kleurontwikkeling van die rooi duiwe was baie goed en aanvanklike wyngelalte blyk bogemiddeld te wees. Chenin Blanc-, Pinotage- en Shiraz-wyne lyk veral belowend. Druifontledings het gewissel; suurontledings was laer as gevolg van die warm weerstoestande, veral aan die begin van die parstyd.

Opsomming

Die 2024-oesjaar sal onthou word vir 'n ligter oes as wat aanvanklik verwag is. Gunstige wintertoestande het die tafel gedek vir 'n groter oes, maar die gevolglike nat lentetoestande tydens bot, asook baie droë, winderige en warmer somerweer, het 'n negatiewe impak op die oesgrootte gehad. Die duiwe se gelalte was egter besonder goed en uitnemende rooiwyne word verwag.



Hanno van Schalkwyk 083 455 5192
hanno@vinpro.co.za

Worcester

THISTLE & WEED

WORCESTER-DISTRIK

TOP 5 KULTIVAR VERSPREIDING

Chenin Blanc 27% | Colombar 16%
Sauvignon Blanc 12% | Chardonnay 7%
Pinotage 7% | Ander 31%

TOTALE
HEKTARE
6 424

UITGEKAP
IN 2023
199

GEPLANT
IN 2023
191

Klimaat en wingerdkundige tendense



Weens hewige somerreënvall (**Figuur WO1**), was die 2023-na-oesperiode baie natter as normaal. Die siektedruk was uiters hoog en blaarval het vroeër plaasgevind as die vorige seisoen, wat kommer geskep het oor voldoende opbou van reserves. Verder, weens hoë reënvall, was produsente ook bekommerd dat braksoute in die wingerde se wortelsone in sou beweeg, wat die opbou van voldoende reserwes sou kon belemmer.


Voldoende koue-eenhede is deur die loop van die winter opgebou en dormansie was effektief opgehef. Na die nat, koue winter was die verwagting dat uitbot goed sou wees en dat slegs enkele blokke wat in die 2023-na-oesperiode met siektes gesukkel het, swak sou uitbot. Uitbot was sewe tot 10 dae vroeër as die vorige seisoen en redelik egalig. Matige temperature teen die einde Augustus 2023 het verder bygedra tot goeie, egalige bot. Die temperature tydens blom en vrugset was laer as die vorige seisoen (vergeleke met Oktober/November 2022). Veral van die Merlot-, Shiraz- en Colombar-blokke was hierdeur geraak en losser trosse het gevorm. Daar is 80 mm reënvall by die Aan de Doorns-weerstasie in September 2023 gemeet teenoor 22 mm in September 2022. Dit het gelei tot verhoogde siektedruk en nat gronde met gepaardgaande

lae grondtemperature, wat vrugset negatief affekteer het.

Tydens die inisiële vegetatiewe groeifase het lowers taamlike vergeling (**Foto WO1**) (omkeerbaar) getoon wat tipies toegeskryf word aan lae grondtemperature. Wingerde wat naby riviere gevestig is, het vir baie langer hierdie simptome vertoon, in vergelyking met ander seisoene, aangesien die gronde naby riviere langer nat en koud gebly het na die hewige reënvall in September 2023.



Lentereënvall in die Worcester-distrik



Figuur WO1: Lentereënvall in die Worcester-streek vir die 2022/23- en 2023/24-groeiseisoene (Aan de Doorns-weerstasie).



Foto WO2: Vergeling van lowers weens suboptimale wortelaktiwiteit, wat die oorspoeleffek van langdurige nat en koue gronde is.

Die gemiddelde temperature vanaf middel Oktober tot einde November was laer as dieselfde periode in 2022. Lootgroei was derhalwe stadiger as ander jare en minder tip- en topaksies is in die wingerde uitgevoer. Die blom- en vrugsetdatums was ongeveer sewe dae vroeër as in die 2023-oesjaar.

Geringe reënval is vanaf Oktober 2023 tot en met Januarie 2024 gemeet. Hierdie gunstige, droeër toestande het kwalitatiewe en gesonde druiwe gelewer. Die eerste twee weke van Desember was effe koeler as die vorige jaar. Dit kon moontlik daartoe bygedra het dat Colombar- en Chenin Blanc-korrels effe kleiner as normaal was.

Die eerste Pinotage-blokke het reeds rondom die derde week van Desember begin deurslaan, wat naby aan die langtermyn gemiddelde datum is. Die eerste Sauvignon Blanc-druiwe is teen einde Januarie gepars, direk daarna gevolg deur Chenin Blanc, Chardonnay en Pinotage. Die pars het

volgens normale tydlyne verloop en daar is konstant aanhou pars tot die laaste druiwe teen einde Maart ontvang is. Alle kultivars was sewe tot 10 dae vroeër as tydens die koel 2023-oesjaar gepars.

Algemene opmerkings



Rypskade is vanjaar weer in die Worcester-distrik aangeteken, hoewel die ryppatroon nie normale tendense gevolg het nie. Dit het baie hoër teen die Nuyrivier op geryp en baie minder skade is teen die Breerivier gerapporteer. Chenin Blanc, Colombar en Chardonnay was die swaarste geaffekteer. Die Sauvignon Blanc- en Pinotage-blokke was nie vër genoeg uitgebot om noemenswaardige skade te ly nie. Oorhoofse besproeiing kon die rypskade effektief beperk.

Swak kolle (**Foto WO2**) het in die wingerde verskyn weens die hoë swamsiekte druk in

die na-oesperiode van 2023, en vloede in September het verder tot versuipkolle in blokke bygedra. Rolbladsimptome was ook vroeër sigbaar in ou rooi kultivarblokke wat reeds met rolblaarvirus besmet was, weens die vorige twee oesjare se somers wat baie stres op die blokke geplaas het.

Wingerde het tot Desember goed gegroei; lowers was oor die algemeen nie te dig nie en goed deurlug. Uitsers warm toestande vanaf einde Januarie tot middel Februarie het sy tol geëis op 'n kultivar soos Sauvignon Blanc. Die Chenin Blanc-blokke het egter die warm weer beter hanteer en die duiwe het steeds gesond vertoon. Die rooi kultivars het mooi duiwe gelever en ten spyte van die voorkoms van rolblad, was die kleurontwikkeling van die duiwe optimaal. Van die later kultivars soos Shiraz het egter sonbrandskade en waterstremmingsimptome getoon teen die einde van parstyd.

Produksietendense

Die totale inname van die 2024-oesjaar is laer as dié van die klein 2023-oes. Die tonnemate van vroeë kultivars, soos Chenin Blanc en Chardonnay, was heelwat ligter as in die 2023-oesjaar, terwyl Sauvignon Blanc, Merlot, en Cabernet Sauvignon groter oeste as in 2023 opgelewer het. Sekere produsente-kelders se syfers strook wel met die 2023-oes, terwyl ander weens die gelokaliseerde effekte van ryp- en vloedschade met tot dubbel syfers afwaarts neig vir 2024.

Druif- en wyngelalte



Sapontledings van die vroeë Sauvignon Blanc- en Chenin Blanc-duiwe het optimale pH-vlakke en sure behaal. Die wit kultivars wat ná die hittegolf teen begin Februarie gepars is, het egter laer sure en hoër pH-vlakke vertoon. Die wynmakers is van mening dat die meeste duiwe teen optimale rypheid met optimale suikervlakke gepars is, en vol wyne opgelewer het. Sure is effektief aangepas waar nodig. Die wynkwaliteit verkry van die rooi kultivars in die Worcester-streek is aansienlik hoër as die vorige jaar en kan toegeskryf word aan die laer voorkoms van Botrytisvrot. Die kleurontwikkeling oor die spektrum van rooi kultivars was verbeter, met Ruby Cabernet en Durif wat 'n uitsonderlike donker kleur vertoon. Daar is oor die afgelope paar jaar 'n groot aantal verouderde rooi kultivarblokke uitgekapt en nuwe wingerde aangeplant; die positiewe effek daarvan op die rooiwynuitset in die Worcester-streek kom hierdie seisoen duidelik na vore.



THISTLE & WEED



Callie Coetzee 083 526 1486
callie@vinpro.co.za



KONSULTASIE-DIENSTE

Jou vennoot in
wingerdboukundige
uitnemendheid

Die Vinpro-span lewer
'n reeks spesialis
tegniese dienste,
onderskraag deur
uitgebreide ervaring
in die veld en 'n
breë geografiese
voetspoor.

tel: +27 (0)21 276 0429 |
e-pos: info@vinpro.co.za |
webtuiste: www.vinpro.co.za



Etienne Terblanche:
Konsultasiediens-
bestuurder

"Dit is 'n enorme voorreg om 'n span kundiges te lei wat wêreldklas ondersteuning en dienste aan die wyndruifprodusente in Suid-Afrika bied. Ons kultuur is diep gewortel in lewenslange leer, wat ons bemaatig om voortdurend te innoveer. Ons streef daarna om baanbrekende oplossings te bied vir die uitdagings wat wynprodusente in die gesig staar."

072 402 7434

etienne@vinpro.co.za



Hanno van Schalkwyk:
Wingerdboukundige:
Paarl/Swarthland

"Dit is 'n eer om in die Wes-Kaap se pragtige wingerde te werk en hierdie bedryf te dien deur wingerdboukundige konsultasie, tegnologie-oordrag te fasiliteer en plaaswerkers te bemaatig deur opleidingsinisiatiewe. Ek streef daarna om waarde toe te voeg en 'n positiewe impak te hê op die rolspelers in hierdie bedryf."

083 455 5192

hanno@vinpro.co.za



Gert Engelbrecht:
Wingerdboukundige:
Stellenbosch/
Kaap Suidkus

"Met 11 jaar se ervaring in die bedryf, vind ek dit steeds vervullend om produsente te ondersteun terwyl ek voortdurend my eie kennis uitbrei. Die kusstreek, met sy oorvloedige diversiteit en unieke karakter, dien as 'n eendlose bron van inspirasie. Ons kollektiewe krag lê in die oorvloedige kundigheid wat ons besit en die omvattende dienspakkette wat ons bied."

072 152 4028

gerter@vinpro.co.za



Klaas Coetzee:
Wingerdboukundige:
Olifantsrivier

"As 'n wingerdboukundige vir die Olifantsrivier-streek, deel ek graag my kennis en ervaring met ander. My terugkeer na die streek word gedryf deur 'n visie om 'n eiesoortige karakter en identiteit vir beide die streek en sy wyne te kweek."

082 801 3737

klaas@vinpro.co.za



Heinrich Scholms:
GIS-Grondkundige

"Ek spesialiseer in grondklassifikasie tesame met die gebruik van Geografiese Inligtingstelsels (GIS). My doelwit is om ruimtelike voorstellings van die natuurlike hulpbronne te ontwikkel wat wingerdprestasië verbeter, en wat as grondslag vir strategiese wingerdbeplanning dien."

083 480 2686

heinrich@vinpro.co.za



Johan de Jager:
Grondkundige

"Ek is passievol oor grondklassifikasie en grondchemie en help graag produsente om vlagskip-wingerdblokke te vestig. My benadering is gegrond op holistiese kennis van grondfisiese eienskappe, grondchemie en korrekte grondvoorbereidings-tegnieke, en die belyning daarvan met produsente se wyndoelwitte."

072 139 9661

johan@vinpro.co.za

Konsultasie



Hennie Visser:
Wingerdboukundige:
Robertson

"Met my ervaring in besproeiingswingerde, opleistels, klimaatstoestande en grondsamesstelling uniek tot hierdie streek, werk ek nou saam met my kliënte om die beste duiwe vir 'n spesifieke wynstyl te verbou, terwyl ek produsente se winsgewendheid verseker."

083 455 5193
henniev@vinpro.co.za



Callie Coetzee:
Wingerdboukundige:
Worcester/ Breedekloof

"Ek is al vir meer as 'n dekade daaraan toegewy om produsente in die Worcester-area te ondersteun met die doel om hul ekonomiese lewensvatbaarheid te verbeter. Vinpro bied 'n omvattende reeks dienste, wat die kundigheid van landbou-ekonome, grondkundiges en wingerdboukundiges insluit. Ons is daarop toegespits om produsente te bemagtig om sukses te behaal."

083 526 1486
callie@vinpro.co.za



Petri de Beer:
Senior Landbou-ekonoom

"Ons spesialiseer daarin om wingerdkundige- en plaasbestuursbesluite in ekonomiese terme te omskep en sodoende ekonomiese volhoubaarheid van ons produsente te verseker, terwyl ons 'n oog hou op wêreldgebeure en hul potensiële finansiële impak op die wynbedryf."

082 389 6590
petri@vinpro.co.za



Yolandi Botha:
Landbou-ekonoom

"Ons evalueer jaarliks ongeveer 270 wyndruifproduksie-eenhede om die voortgesette finansiële stabiliteit en volhoubaarheid van die wyndruifbedryf te bepaal. Hierdie insigte dien as waardevolle hulpbronne vir produsente tydens begrotingsoorwegings, terwyl dit die bedryf in staat stel om effektief met die regering te skakel oor kritieke beleidsake."

082 625 6605
yolandi@vinpro.co.za



GEN-Z WINGERDPROJEK

Die toekoms van wingerdboukunde

Die GEN-Z Wingerdprojek demonstreer die nuutste praktyke, tegnologie en wingerdgereedskap deur velddemo's regoor Suid-Afrika se wynstreke te vestig.



Francois Viljoen:
GEN-Z Bestuurder
083 309 7627
viljoenf@vinpro.co.za

"Ek glo vas dat goeie wyn in die wingerd gemaak word. Dit is my passie om my insig met my kliënte te deel en hulle te bemagtig om goeie wingerdbestuursbesluite te neem, terwyl ek 'n volhoubare bedryf vir toekomstige geslagte verseker."



Emma Carkeek:
GEN-Z Wingerdboukundige
082 568 2918
emma@vinpro.co.za

"In samewerking met ons span kundiges streef ek daarna om omvattende en holistiese konsultasiediens en praktiese oplossings vir wingerdbou-uitdagings te bied. My rol in kennisoordrag binne GEN-Z verseker dat ek op hoogte bly van die nuutste wingerdbounavorsing en -tendense, wat my in staat stel om ons kliënte beter te ondersteun."



Logan Jooste:
**GEN-Z Wingerdboukundige-
tegnikus**
078 142 9931
logan@vinpro.co.za

"Ons doelwit is om uitgebreide wingerddata in te samel, om die bedryf van die nodige inligting te voorsien om ingeligte wingerdboubesluite te neem. Dit is 'n voorreg om deel van hierdie span te wees en eerstehandse ervaring van opkomende wingerdboutendense op te doen."